**Maandag 23 Januarie**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-24**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:25 (AFR53)**
**Gelowiges word heilig gemaak deurdat hulle met die nuwe mens beklee word**

Die verlossing deur Christus waaraan jy deel gekry het deur die geloof, beteken nie dat jy reeds volmaak is nie. Deur die werking van die Heilige Gees groei jy tot volmaaktheid. Dit beteken dat jy onder die kragtige werk van die Heilige Gees die ou mens aflê (22), jou laat onderrig sodat Hy jou denke kan vernuwe (23) en jy jouself met die nuwe mens beklee (24).

Drie dinge in verband met die nuwe mens:

- Die nuwe mens het met elke gelowige afsonderlik te doen en ook met al die gelowiges gesamentlik as gemeente. Verskillende mense word in een gemeente een nuwe mens gemaak (Ef. 2:15). Maar om met die nuwe mens beklee te word, is elke gelowige se persoonlike verantwoordelikheid binne die gemeente saam met ander gelowiges.
- God is die Skepper van die nuwe mens. In Christus is ons gelowiges nuut geskape om goeie werke te doen (Ef. 2:10). Die gelowige dink nie self uit wat dit beteken om ’n nuwe mens te wees nie. Die Gees maak die gelowige nuut met die Woord. Daarop volg die gelowige in die lewe in goeie werke wat God vir hom voorberei het.
- Die nuwe mens is na die beeld van God geskape. Dit wil sê, hoe meer die gelowige ’n nuwe mens word, hoe duideliker word die beeld van God in sy lewe. Wat jy as gelowige doen, dink of sê, kom dus al hoe meer in ooreenstemming met ware geregtigheid en heiligheid. Die gelowige se woorde en werke weerspieël dan al hoe meer die werke en woorde van God.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*
*Ds. CCA Vrey (Coen) (Bellville)*